

Die 'Rembrandt van Suid-Afrikaanse spotprentkunstenaars', vereer, oplaas

DR FRANCOIS VERSTER

Korrespondent

Op 8 September 2011 het die ATKV 'n spesiale oorkonde aan Fred Mouton oorhandig vir sy bydrae tot die Afrikaanse taal. Ek het by die geleentheid 'n lesing gelewer in die vorm van 'n histories-verklarende agtergrondskets oor nie net Mouton se werk nie, maar ook aangaande dié van sy twee ewe vermaarde voorgangers, DC Boonzaier (1865-1950) en TO Honiball (1905-1990). Sodoende is Mouton se bydrae in konteks gebring, as deel van 'n spesiale tradisie. In die byna 100-jarige bestaan van *Die Burger* was slegs drie spotprenttekenaars permanent in die pos aangestel. Frederick Jacobus Mouton, gebore 1947, is die derde – en steeds in die tuig – waarskynlik 'n wêreldrekord vir 'n hoofstroomkoerant.

By die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) van 2012 het *Die Burger* op die inisiatief van die huidige redakteur, Bun Booyens, besluit om dié drie spotprenttekenaars te huldig as deel van die koerant se promosieveldtog by die Kunstefees. Ek het weer dieselfde lesing aangebied, met Mouton wat hierdie keer insette gelewer het, daar vanwaar hy eenkant gesit en teken het. Hierdie item is op 3 en 4 April aangebied in die CP Nel Museum op Oudtshoorn en die saaltjie was op beide geleenthede stampvol – 'n aanduiding van Mouton se gewildheid. Die gehoor is inderdaad getraakteer op agter-die-skerms-staaltjies van sy samewerking met Honiball, soos toe hulle op die einste Oudtshoorn kom teken het om die NP te help om 'n tussenverkiesing in 1972 te wen, wat ook gebeur het – en 'n aanduiding is van watter impak spotprenttekenaars op die openbare mening het.

Hierdie gespreksessie, dié blik op die drie wêreldklas kunstenaars waarmee *Die Burger* en die Afrikaanse publiek in besonder geseën is, was die ideale geleentheid om vergelykenderwys na 'Die Drie Groties'

(soos ek hulle gedoop het ter wille van die okkasie,) te kyk, maar elkeen as produk van sy eie tyd. Lukrake vergelykings is dus onbillik en onsinnig. Boonzaier was verheug om in 1915 vir *De Burger* (eers van 1922 as *Die Burger* bekend), spotprente te teken, nadat hy reeds vir etlike ander koerante spotprente geteken het, want hy het met *De Burger* se nasionalistiese strewe geïdentifiseer – hoewel hy aan huis Engels gepraat het. Honiball het sedert 1941 vir *Die Burger* gewerk, nadat hy in die VSA gewerk en sy opleiding as tegniese tekenaar daar ontvang het – iets wat Boonzaier nie beskore was nie (hy het homself geleer teken) en Mouton, wat vanaf 1971 by Honiball oorgeneem het, het sy opleiding in grafiese kuns in Kaapstad ontvang.



Fred Mouton, 'n karikatuur van homself

Ten spyte van verskillende agtergronde en historiese tydperke waarin hulle geleef het, het hierdie drie mense wel internasionaal erkenning gekry (publikasies en pryse ontvang), en, meer belangrik, volksbesit geword.

Fred, soos hy algemeen bekend is, is onder andere in die Britse satiriese tydskrif *Punch* gepubliseer en was meermale erken as top-spotprenttekenaar in Suid-Afrika. Hy is, anders as sy voorgangers wat in die Oos-Kaap gebore is (en op jeugdige leeftyd na die Wes-Kaap verhuis het), 'n gebore en getoë Kapenaar: Constantia en Wynberg was sy grootwordplekke en vandag woon hy in Bellville. Hy is deur prof Piet Cillié, toe hy redakteur van *Die Burger* was, gevra om met Honiball 'n kantoor te deel en by hom te leer. Hulle het die spotprent-werkklas dus vir 'n ruk gedeel en toe Honiball in die sewentigerjare aftree, het Mouton sy skoene volgestaan. Met lof, en as volwaardige, oorspronklike kunstenaar.

Want spotprentkuns is ware kuns – 'n tipe abstrakte kuns, want realities is dit nie: die kunstenaar gaan 'n stap verder – hy 'laai' die 'portrette' ('karikature' beteken 'gelade portrette') met emosie en tipiese eienskappe van die teikenpersoon. Daarom kan die leser gewoonlik die persone sien wat iemand soos Fred teken. Die leser interpreteer die spotprent: nadat die karikature daarin geïdentifiseer is, word afgelei wat die boodskap van die prent is deur na die karikatuur in verhouding tot sy uitgebeelde milieu te kyk. Met ander woorde, wat doen die karikatuur in die prent? Waar word hy/sy uitgebeeld? Is daar enige woordteks (sê die karikatuur iets?). Ekstra kommentaar kan bygevoeg word deur, byvoorbeeld, Fred se muis, wat verskyn het in 1973, nadat sy seun Fritz gebore is.* Lesers geniet die muis se pittighede en kla gou as hy nie daar is nie. Juis hierdie skerp uitlatings toon Fred se taalvaardigheid – dat hy nie net 'n skitterende tekenaar is nie.

Fred het, soos sy voorgangers, 'n natuurlike tekentalent en 'n goeie humorsin – 'n vereiste vir spotprentkuns. By die KKNK het iemand gevra of hulle drie dieselfde soort humorsin het. Die antwoord is nee; elkeen is uniek. Boonop, benewens humorsin en tekentalent



TO Honiball
(Persoonlike versameling, FP Verster)



(Vlnr): Fred Mouton, Francois Verster en Bun Booyens toe die ATKV Fred se oorkonde aan hom oorhandig het, Skilpadvlei Restaurant, 2011.
(Foto: Charlene Verster)



(Vlnr): Mouton, Booyens en Verster by die CP Nel Museum, Oudtshoorn, 2012 (Foto: Hennie Smit)



Sir de Villiers Graaff en Jaap Marais uitgebeeld as volstruise deur TO Honiball tydens die 1972-tussenverkiesing op Oudtshoorn. (Naspers Argief)

is iets ekstra nodig – 'n begrip van satire; om in iemand se karakter te kan klim om 'n spesifieke misstap raak en ondubbelsinnig (soms dubbelsinnig ook!) aan die kaak te stel. Dis níé net afkraak en vermorsel, soos Boonzaier wel met genl Louis Botha gedoen het nie; karaktermoord is nie die punt nie; wel die behoud van demokratiese waardes. Wat gaan die alternatief wees indien niemand meer die reg het om korrupsie, despotisme en enige vorm van onderdrukking te kritiseer nie? Fred en vennote, soos Zapiro veral, staan vandag, soos tevore, steeds in die voorste linie vir spraakvryheid.

Fred sê hy is nooit deur 'n redakteur gelas om 'n spotprent oor te doen nie, hoewel aanpassings tog soms gemaak word. Maar die verhouding tussen redakteur en spotprenttekenaer is uiters belangrik. Waar prof Piet Cillié (1954-1977) meer voorskriftelik was, het ander redakteurs soos Wiets Beukes (1977-1990) en nou Bun Booyens (sedert 2010), meer vryheid gebied. Fred woon soggens die hoofredaksie se vergaderings by, waar voorstelle vir spotprente gemaak word, en dan keer hy terug na sy kantoortjie, waar die finale boodskap aan die lesers vergestalt word – eers in potlood, dan met kwas en ink. Teen vieruur is die spotprent gewoonlik gereed vir die bladuitleg-afdeling.

Bun Booyens het groot waardering vir Fred se werk en onderskryf prof Cillié se woorde dat die spotprent meer mense kan beïnvloed as die beste redaksionele artikel. Soos Boonzaier en Honiball, het Fred Mouton reeds volksbesit geword – Boonzaier het ongeveer 2,600 spotprente in 26 jaar by *Die Burger* geteken, terwyl Honiball en Mouton elk meer as 40 jaar by die koerant gewerk het, en dus veel groter oeuvres geskep het – die gedagte aan soveel satire, soveel meningsvorming, vir so lank, is oorweldigend – en bewonderenswaardig. Om soveel werk onder die druk van gedurige spertye te verrig (hulle het ook vir ander blaaie geteken, boeke geïllustreer, en, in Honiball se geval, strokies ook), dat dit sommige mense geestelik aftakel – so het Honiball aan depressie gely en Boonzaier was erg iesegrimmig.

In Fred se geval skyn dit asof sy flegmatiese persoonlikheid hom

red. Hy handhaaf wel 'n skans deur nie met kollegas te meng nie en sy kantoor is in 'n verlate hoekie agter 'n stoorkamer versteek, maar dis bowenal sy onverstoorbare persoonlikheid wat hom jaar na jaar laat voortgaan. Sy hare word minder en sy plooië word meer, maar hy ry elke dag met sy motorfiets Kaapstad toe, doen sy werk op die 6de vloer van Heerengracht 40 (Naspers se 'moederskip') en produseer grafiese satire van wêreldgehalte.



DC Boonzaier en produseer grafiese satire van wêreldgehalte. (Naspers Argief)

By 'n lesing oor Suid-Afrikaanse spotprentkuns is gevra waarom Afrikaners dan nie uitstaande spotprenttekenaars oplewer nie. My antwoord was dat die vraagsteller duidelik nog nie van DC Boonzaier, TO Honiball en Fred Mouton gehoor het nie. Daar was uiteraard talle ander wat vir koerante soos die *Vaderland*, *Beeld*, *Rapport*, *Volksblad*, ensovoorts, gewerk het, en name soos Len Lindeque, Frans Esterhuysen, Mynderd Vosloo en Lou Henning verdien vermelding. Nogtans verstout ek my om te sê dat *Die Burger* se 'Groot Drie' in 'n klas van hul eie is.

Nadat ek my argwaan oor genoemde vraag getoon het, het die vraagsteller, tot sy krediet, voorbeelde van Die Groot Drie tot 'n internasionale uitstalling van spotprentkunstenaars gevoeg. Toe Fred sy eerste spotprentbundel publiseer, het dieselfde kunstenaar Fred 'die Rembrandt van Suid-Afrikaanse spotprenttekenaars' genoem. En dit bewys weer die ou waarheid dat ware klas altyd erkenning kry, al neem dit soms 'n bietjie langer as nodig mag wees.

Ek sit en tik hierdie artikel in 'n hotelkamer in Oudtshoorn, terwyl die indrukke van twee sessies met Fred Mouton skerp in my geheue is – ek voel nog die opwinding om dié besondere voorreg te kon meemaak soos 'n tinteling deur my are ... en dis beslis nie die koel herfsbriesie wat hier oor die vlaktes rolbosse in hakiesdraadgebite vaspen nie. Ook nie die gees van die Fees óf die gees uit die fles nie – dis eers as ek more terugkeer Moederskip en –stad toe dat ek beplan om 'n vinnige besoek na Calitzdorp se Portfabriek te maak. En tuis sal ek dan die ghoutpyne trotseer om op onse Fred 'n heildronk te drink. Vraag is: sal dit De Krans, Withoek of Boplaas wees? Ek weet – een van elk, op Boonzaier, Honiball én Mouton. Fred het mos waardering vir sy voorgangers.

Toe ek deur Ladismith ry, sien ek Fred by die vulstasie, en hy waai vrolik. Ja-nee; Fred sal nie omgee nie. Dis sy aard om met nederigheid en medemenslikheid humor en vreugde te deel. Dankie Fred, namens *Die Burger* en sy lesers.

* Fritz en die muis sal dus in 2013 reeds 40 jaar oud wees!